



Nuwe fase vir die predikante se pensioenfonds

Die NHKA Predikante Aftreefonds het op 1 Maart 2019 omgeskakel na 'n Vastebydraefonds.

Die Algemene Kerkvergadering van 1989 het verneem van die Fonds, toe 'n Voorsorgfonds, se onderbefondsingskrisis. Die Kerk was op risiko en daar is besluit op 'n addisionele bydrae per lidmaat om die befondsingsvlak reg te stel. Die Voorsorgfonds kon nie omskakel na 'n Vastebydraefonds nie weens die swak befondsingsvlak, maar die Fonds is wel op 1 Maart 1990 omgeskakel na 'n Pensioenfonds. Gemeentes se addisionele bydraes en die Fonds se opbrengste was met die genade van die Here goed, en die Fonds het weer 'n 100%-befondsingsvlak bereik, ten spyte van noodsaaklike verhogings in die versorgingsvoordeel (die jaarlikse salaris wat as berekeningsbasis vir bydraes asook vir berekenings van voordele gebruik word) en pensioenvoordele.

Verskeie Algemene Kerkvergaderings asook ledevergaderings van die Fonds het besluit dat die Fonds moet omskakel sodra dit bekostigbaar is.

Die proses het begin met die sluiting van die vastevoordeelgedeelte, en nuwe lede sedert 2013 is vastebydraelede. Die emeriti se pensioene is in November 2016 oorgeneem deur 'n versekeraar wat dieselfde pensioenvoordele gee as vroeër binne die Fonds. Predikante tree sedert 1 Julie 2017 buite die Fonds af deur die aankoop van hul pensioene by 'n versekeraar. Die aktuaris het in Augustus 2018 aangedui dat die Fonds kon omskakel, en in November 2018 is die voorlopige besluit geneem. Die Bestuursraad het die besluit in Februarie 2019 gefinaliseer nadat die aktuaris aangedui het dat al die lede 'n gunstige fondswaarde na die Vastebydraefonds kan oordra.

Nou is daar opnuut 'n geleentheid om die versorgingsvoordeel in lyn te bring met die werklike versorgingspakket (die totale waarde van die vergoedingspakket van predikante). Tans is die versorgingsvoordeel soms so min as 50% van die versorgingspakket. Verhoging van die versorgingsvoordeel, om die voordele te verbeter, was voorheen baie moeilik. Elke addisionele persentasie verhoging van die versorgingsvoordeel moes deur die aktuaris verreken word tot die lede se sterfdag, wat 'n aktuariële tekort sou veroorsaak.

Daar kán nou, ná die omskakeling, groter verhogings van die versorgingsvoordeel oorweeg word, want verhogings het nie meer 'n aktuariële impak soos vroeër nie en alle bydraes, uitgesluit risikodekking en kostes, gaan na die predikante se pensioenvoorsiening.

Eerste pensioentjeks is tans ongeveer so min as 40% van die laaste versorgingspakket. Met verhoging van die versorgingsvoordeel kan dit in die toekoms dalk 60% of selfs 70% wees, ongeveer die industriestandaard.

Pensioenheffings, per lidmaat bereken, is die Kerk se bydrae tot die lewenskwaliteit van evangeliedienaars in hul rusjare. Tans is die pensioene relatief klein en lei dit tot swaarkry. Predikante boet heelwat lewenskwaliteit in by emeritaat. Die pensioene moes teoreties eintlik byna dubbel soveel gewees het as tans, gesien werklike versorgingspakkette. Die omskakeling maak nou 'n droom moontlik, indien die Kerk en die predikante hande vat en daaraan werk.

Predikante, soos alle lidmate, het ook die belastingtoegewing om tot 27,5% van hul totale inkomste in pensioenfondse en annuïteite te belê. Addisionele voorsiening is baie belangrik! Hoe meer ons spaar en hoe vroeër ons begin, hoe rooskleuriger is ons aftrede.

Ons hoop dat predikante in die toekoms met beterwordende voordele kan aftree.

Ds Herman van den Berg
Hoofbeampte: NHKA Predikante Aftreefonds

Teken in op
blitspos
Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uiters 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Lief en leed

- Die huisvader van die Diakonale Pleegsorghuis in Potchefstroom, **mnr Albert Wiegand**, is Sondag 3 Maart na 'n lang siekbed oorlede. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, mev Ester Wiegand, en hul familie. Die roudiens vind plaas op Maandag 11 Maart om 11:00 in die NHKA se Moedergemeente, Potchefstroom, Walter Sisulustraat (oorkant die ou Stadsaal).
- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (beroepafwagting)
 - o Saterdag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (beroepafwagting)
 - o Sondag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (Wapadrant)
 - o Dinsdag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (Bloemfontein)
 - o Woensdag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (Wonderboom) en RJ (Rudi) Rust (Vanderbijlpark-Oos)

Gemeentes en bediening



Ds Mariaan Beukes

- **Ds ME (Mariaan) Beukes** van Meyerton/Meyerton-Suid (deeltyds) het die beroep na Sonlandpark (deeltyds) aanvaar.
- **Dr Kálmán Papp** het aan die einde van Februarie finaal uit diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika getree. Die verantwoordelikheid van die deeltydse pos wat hy sedert Maart 2018 beklee het, is op 1 Maart oorgeneem deur **dr Sanrie de Beer**. Alle BSA-verwante korrespondensie moet voortaan aan **dr Gerhard Lindeque** (lindeque@biblesociety.co.za) gerig word.
- **Gemeente Bronkhorstspuit:** Die enigste e-posadres vir die gemeente is voortaan nhbhs@nhk.co.za. As gevolg van die verwisseling van diensverskaffer is die gemeentelike kantoor se telefoon (nommer 013 932 2929) buite werking. Kontak asseblief een van die volgende persone: Dolf 073 908 5787; Rina 083 718 6165 (Maandag en Vrydag); of Gerda 082 323 1193 (Dinsdag en Donderdag).
- **Gemeente Bronkhorstspuit** vier op **Saterdag 6** (basaar) en **Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 082 323 1193 / nhbhs@nhk.co.za.
- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.

Vergaderings

- Donderdag 7 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 8 Maart: Kommissie van die AKV
- Saterdag 9 Maart: Kommissie van die ADV
Rata Speciale Algemene Jaarvergadering
- Dinsdag 12 Maart: Kuratorium
- Donderdag 14 Maart: Rata Finkom
Redaksie van *Die Hervormer*
Ons Tuis Direksie

Toerusting

- **Polsslag van die jeug.** Die Kernkomitee vir Gemeentelike Bediening reël 'n bosberaad vir **Dinsdag 30 April vanaf 17:00 tot Woensdag 1 Mei 17:00** by **Venterskroon-kampterrein** waartydens in diepte oor die hartklop of polsslag van ons jeug besin sal word. Die bedoeling is om werklik buite die normale grense van jeugbediening te beweeg. Die gevolgtrekkings wat gemaak word en navorsing wat daarvoor gedoen word, sal met die Kerk gedeel word. Dit is ook 'n goeie geleentheid om suksesverhale met mekaar te deel. Daar is reeds 'n paar jong predikante, jeugleiers en ander kundiges betrek om hierby betrokke te wees. Dinamiese en kreatief denkende jongmense en jeugleiers kan gerus saam met ons kom kuier. Kontak David Barnard by 083 4411 789 of stuur 'n e-pos na davidbarnard@mweb.co.za.

'n Gedig

namakwaland

in die veld
met sy knielende struikies

froetang
goue opslag
kalossie
kliptjienk
langoorleeubekkie
roemenaggie
stinkbobbejaantjie
satynblom
bokkeveldbontrokkie
jongmansknoop
hesperantha vaginata
pietsnot
traanblommetjie

in die veld
met sy boeket wat penetreer
tot by sagte hormone
deur klipbanke na diepste drome

in die veld
'n figuur ouer as klip
wat kyk, ruik, voel:
God inspekteer sy skepping

Willie Kühn

(Uit: *In die oog van stilte*, 2005)

Barmhartigheid

- **Ds Jan Mamabolo**, emerituspredikant van die MRCC (Maranatha Reformed Church of Christ), se huis in Mamelodi het die nag van 21 Februarie afgebrand. Enigeen wat wil bydra tot die Mamabolo-rampfonds kan donasies inbetaal in die volgende rekening: Bethesda Circuit; ABSA; tjekrekening nommer 4061 366 776; verwysing MAMJ + u naam/gemeente/ring.
- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziestraat, Brooklyn**. Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria**, is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
 2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Kerklieke publikasies

- **Ds Johann de Bruin** by die SP Engelbrecht-museum is op soek na die volgende *Almanakke* (Kerkjaarboeke, ou Rooies): 1907-1923, 1926 en 1929. Kontak ds De Bruin by 082 733 3951.

- **Lees in die Maart 2019-uitgawe van Konteks (laaste uitgawe van ons gewilde gesinstydskrif)**

- o 'n Terugblik op *Konteks* 1990-2019
- o 'n *Stukkie brood*: ADV-bylaag 2012-2019
- o *Die Christelike Vrou*: Elektronies vorentoe

- **Lees in die Maart 2019-uitgawe van Die Hervormer**

- o Was die tragedie by Hoërskool Driehoek God se wil?
- o As die duiwel in jou oor fluister
- o *Konteks* 1990-2019: Stemme uit die Kerk

- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen **R90 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afspraak in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

- **Elektroniese skakels op die Kerk se webblad**: Onder die afdeling van die Argief (<http://www.nhka.org/index.php/so-werk-ons-11/kerklieke-argief.html>) op die Kerk se webblad is skakels geplaas wat lesers kan lei na *Die Hervormer* wat strek vanaf 1909 tot 1977 op *Internet Archives* (<https://archive.org/details/diehervormer>). Op dieselfde webruimte is 'n skakel na gedenkbundels wat die geskiedenis van die Kerk se gemeentes vertel. Jy kan dit dus vind by die volgende skakel: <https://archive.org/details/gedenkbundels>. Daar is ook 'n spasio op die NAAIRS-projek, 'n platform wat toegang gee tot sekere inventarisse van die Nederduitsch Hervormde Kerk tot en met die jaar 1990. Vir navrae wat toepaslik is op die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting is daar 'n navraagvorm wat ingevul kan word. Die inhoud van die vorm verduidelik hoe die vorm ingevul moet word, en dit lewer punte wat stipuleer wanneer 'n mens kwalifiseer om 'n navraag oor sekere tipes inligting te kan maak. Daar is 'n verskeidenheid ander vorms beskikbaar op die Argief se afdeling op die webblad van die Kerk. Dit sluit in aanvraagvorms vir die bewyse van lidmaatskap en doop, vorms vir navorsers, beleide van die Kerkargief, huweliksregisters (1842-1989), inligting oor ontbinde gemeentes, en gemeentes waarvan die naam verander het.



ABOUT

COLLECTION

836 RESULTS

Search this Collection

- Metadata
- Text contents

PART OF

University of Pretoria
Library Services
African Libraries Collection

Media Type

texts 836

Year

SORT BY VIEWS · TITLE · DATE PUBLISHED · CREATOR



Vol 37: Die Hervormer: 20 Oktober 1944



Vol 31: Die Hervormer: 25 September 1940



Vol 35: Die Hervormer: 21 Oktober 1943

Illustrasie: Die Hervormer (<https://archive.org/details/diehervormer>)

Fondsinsamelings

- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidshoofdag**
Woensdag 10 April by Zwartkop-golfbaan
Early Bird Special voor 1 April:
R1 760 per 4-bal of R440 per speler
Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler
Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
Stephen 074 658 4630
James 083 679 6633

Basaars

- **Gemeente Warmbad: Bosveldfees**
Vrydag 29 tot Sondag 31 Maart
Feesterrein van Forever Resort
Uitstekende kunstenaars met die vermaaklike Piet Pompies (Vrydagaand)
Bok van Blerk, Kevin Leo en ander (Saterdag)
Hondeskou, dansgroepe, K9-hondevertoning
Stalletjies en baie lekkernye
Navrae aan Maureen Minny by 083 310 0089

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.

Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 75 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, is U nie 'n bietjie oordadig met u skepping nie?
Ek meen: Die oorvloed lentebotsels en -bloeisels
is altyd baie meer as die vrugte aan die boom.
Fonteine borrel baldadig en sprinkel water oraloor.
Is die son se oorweldigende lig nie méér
as wat ons regtig nodig het nie?
Maar Here, so is U!
U gee meer as wat ons kan dink of vra.
Laat my uit u oorvloed leer
hoe groothartigheid lyk.
Mag u milddadigheid
my skaam maak vir my eie suinigheid.
Leer my uit u vrygewigheid,
uit die oop hand waarmee U uitdeel,
om ook rojaal te wees wanneer ek gee.
Soos 'n Koningskind,
'n kind wat na sy Vader aard.

Helder Camara

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)